LAERSKOOL STELLENBOSCH

GESONDHEIDSBELEID

1. ONS STREWE NA

- Die insluiting van gesondheidsboodskappe oor voeding in die kurrikulum en die opvoeding van onderwysers rakende voedingskunde.
- Die voorsiening van gesonder opsies aan kinders wat by die skool etes koop deur in die rigting van 'n gesonder snoepie te beweeg.
- Ons wil die bemarking of bevordering van kosse met 'n hoë sout-, suiker- of versadigde vetinhoud in die skool omgewing verhoed.
- Die vorming van 'n skoolkultuur waarvolgens ouers geen gemorskos in die kinders se kospakkies skool toe stuur nie; in lyn met die riglyne van die snoepie.
- Ons moedig die gebruik van belonings in die klaskamer aan wat nie op kos gebaseer is nie.
- Volgehoue opvoeding van kinders, skoolpersoneel en ouers oor gesonde eetgewoontes deur middel van die d6 kommunikeerder, plakkate en pamflette.

2. GESONDE SNOEPIEBELEID

- Die skool se snoepie is 'n gesonde snoepie wat 'n gesonde, gebalanseerde dieet aanmoedig deur 'n verskeidenheid van kosse te voorsien wat aan kinders se voedingsbehoeftes sal help voldoen.
- Alle belanghebbendes wat betrokke is by die aankoop van produkte vir die snoepie word ook geleer om voedseletikette te evalueer.
- Verwerkte kosse en drankies wat geen voedselinligting op die etikette bevat nie, word sover moontlik vermy.
- Die gesonde snoepie moedig die gereelde inname van vrugte en groente aan en voorsien sover moontlik hierdie items as versnaperinge of as deel van etes.
- Die snoepie stel ongegeurde, skoon water beskikbaar en die gebruik daarvan word aangemoedig.
- Die gesonde snoepie soek deurlopend gesonder alternatiewe vir gewilde kossoorte met 'n laer voedingswaarde.
- Voedselpromosies en geborgde produkte moet aan die vereistes van die gesonde Snoepiebeleid voldoen.
- Gesonder opsies word teen laer pryse aangebied.

3. SNOEPIE-RIGLYNE

3.1 VERMY

- Kosse met 'n hoë versadigde- en trans vetinhoud
- MSG (E620-625)
- Sekere kleurstowwe – Quinolone yellow E104, Sunset yellow E110, Cormoisine Red E122, Cochneal Red E124, Tartrazine E102, Brilliant Blue E133
- Aspartaam en ander kunsmatige versoeters
- Kosse met 'n hoë suiker- of verfynde koolhidraatinhoud – hoë GI kosse
- Kosse met 'n hoë soutinhoud

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 24/10/2023

VOORSITTER

SEKRETARESSE

SKOOLHOOF